Hoe om rys in ’n slaap-sak gaar te maak

Voortrekkers

Hierdie resep is handig vir brandstof- of gasbesparing op ’n staptoer. Gebruik hierdie metode om rys in ’n slaapsak gaar te maak.

Onderwerpe: Kamp, staptoer

Stappe

Bestanddele:

- 1 koppie rys
- 2 koppies water
- 5 mℓ sout

Gebruik ’n kleinerige kastrol en maak voorsiening dat die rys gaan verdubbel. Voeg die rys en water bymekaar en plaas op ’n stofie. Sodra die water kook, haal die potjie van die stofie af. Draai in ’n handdoek toe en plaas in ’n donsslaapsak.
Haal na 1 uur uit. Die rys behoort lekker sag te wees.

Waarskuwings

1. Maak net seker almal weet dat die pot rys in die slaapsak is!